

**8 September**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 12:1-32**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 12:24**

**Die Here se hand is in alles wat met ons gebeur**

Salomo is dood. Die Here het as straf op sy sonde beloof dat sy ryk in sy kinders se leeftyd verdeel, geskeur sal word. Hierdie profesie gaan nou in vervulling. Wie sal keer dat dit gebeur? Rehabeam probeer. Toe hy sien dat sy ryk slegs uit twee van die twaalf stamme gaan bestaan, beplan hy om met oorlogsgeweld ook die ander stamme aan hom te onderwerp. Hy maak 180 000 man bymekaar. Maar die Here laat hom weet: laat vaar jou plan, want "wat gebeur het, kom van my af". God het geen skuld aan die dwaasheid en sonde van Rehabeam nie, maar op 'n onbegryplike wyse wat ons nooit kan verklaar nie, het God hierdie smartlike skeuring toegelaat. Net so was Christus se dood die grootste kriminele daad van alle tye, maar dit is deur God bepaal as die wyse waarop daar betaal sou word vir ons sondes. So verstaan ons nie die hartseer, gewelddadige dinge wat met ons gebeur nie. Ons ervaar dit as die boosheid en gemeenheid van mense, wat dit in der waarheid is en waarvoor hulle God se regverdige straf sal ontvang. Die genade is egter dat ek ook kan glo dat elke enkele ding wat met my gebeur van God kom, wat beheer het oor die goeie en die kwade en alles in sy almag só reël dat ook die kwade tot my beswil is. Rehabeam sou nooit dit wat God bepaal het, kon verander nie. Ook jy moenie skop teen wat God vir jou lewe bepaal het nie. As die seer en die pyn van jou lewe dreig om jou te oorweldig, vind rus in die arms van 'n almagtige God wat ook jou genadige Vader is, wat met jou besig is totdat jy eendag nie meer deur 'n spieël in 'n raaisel nie, maar van aangesig tot aangesig sal sien.

*Sing: Psalm 131:2,3*

*Ds PH Fick (Komatipoort)*